

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
8 Julie 1979

Onderwerp: Die onmoontlike moontlik

Lees: Jesaja 35

Teks: Jesaja 35 vers 7

Sing: Psalm 9 verse 1 tot 3
Gesang 2 verse 2 en 3

“Jesaja moes ’n moedige profeet gewees het, wat hierdie boodskap gebring het aan die gemeente wat in ballingskap gesit het in Babilonië. Hulle was vër verwyder van hul vaderland. Hulle koning was ’n krygsgevangene en tussen hulle en hul land het die ontsaglike Arabiese woestyn gelê, waarin talle al omgekom het. Daar het baie al ’n lugspieëling vir ’n oase aangesien.

“Maar wat miskien nog erger was, was dat hierdie gemeente nie meer wou sing nie. Hulle harpe het aan die wilgerbome langs die riviere van Babel gehang. Daar was in hulle harte nie meer plek vir lofliedere nie.

“Hulle God, so het hulle altyd in die tempel van Palestina gehoor, het hulle voorvaders deur ’n woestyn uit Egipte uitgelei en die land Kanaän met ’n eed aan hulle beloof. Maar so ’n moontlikheid vir hulself het hulle nie oorweeg nie. Hulle het nie verwag dat dit juis hierdie boodskap was wat Jesaja aan hulle, die gemeente in ballingskap, moes bring nie.

“Jesaja kon nie sy erediens met ’n loflied begin nie. Daarom het hy maar vertel van ’n dorre woestyn wat sou sing en ’n wildernis wat sou juig. Hy moes sy hoorders eers voorberei vir die boodskap van die Evangelie in sinnebeelde van hulle eie gemoed. En daardie boodskap was van hulle eie terugtog deur die woestyn: ‘Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas. Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; Hy self sal kom en julle verlos.’ (Jes 35:3,4)

“Maar hoe kon dit wees? Vir só ’n boodskap was hulle doof en blind. Dit was so onmoontlik as wat dit vir ’n dowe was om te hoor en vir ’n blinde om te sien. Daarom het Jesaja gesê: ‘Dan sal die oë van die

blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word.’ (Jes 35:5)

“Die tema van Jesaja se preek was dat die onmoontlike, moontlik sou word. Dat die gloeiende grond ’n waterplas sou word en die dorland ’n fontein.

“Daarenteen was die volk aan die teenoorgestelde gewoond. Die moontlikhede van ontwikkeling en uitbreiding wat hulle in hulle eie land gehad het, het skielik onmoontlik geword toe Nebukadnesar hulle weggevoer het na ’n vêr land. Dit wat vantevore vir hulle moontlik was, het onmoontlik geword.

“Dit was ook Salomo van die Ou Testament se ervaring. Hy het gedink dat hy geluk kon vind op vrolike partytjies opgekikker met wyn, in die aanskak van eiendomme, die bou van damme en in goud en silwer. Kortom, hy het gedink dat hy voldoening kon vind in die vervulling van sy hartsbegeertes. En toe hy na sy moeitevolle arbeid gekyk het, het hy gesien dat die beste daarvan ’n gejaag na wind was. Wat vir hom eers moontlik gelyk het, het geblyk onmoontlik te wees.

“Dit was ook die geval met die ryk dwaas in Jesus se gelykenis. Toe al sy skure vol was, het hy gedink dat sy moontlikheid voor hom verwesenlik was. Maar toe het God sy lewe van hom geëis. Wat vir hom moontlik gelyk het, het God onmoontlik gemaak.

“Maar Broers en Susters, die profeet Jesaja het van die teenoorgestelde gepraat. Dat God dit wat onmoontlik gelyk het, moontlik sou maak. Dat dowes sou hoor en blindes sou sien; en gloeiende woestyngrond ’n oase sou word. Hy het gepraat van ’n wildernis wat ’n breë pad gaan word, waarlangs God sy volk gaan teruglei. Van heuwels wat gelykgemaak gaan word en dat elke dal opgevul gaan word. Dat wonders gaan gebeur. Ek gaan weer vrede kry in God en in my hart. Geluk gaan weer na my huisgesin terugkeer.

“Maar wie in die twintigste eeu glo nog aan wonders? Sien u waarom Jesaja ’n moedige profeet moes gewees het? Hy moes aan ’n skeptiese gehoor vertel het van God se wonders.

“Wonders is vir ons ’n lugspieëling. En dit is omdat ons so min van God weet! God is vir ons hoogstens ’n God wat net by tye ingryp. Die geskiedenis gaan sy gang en so nou en dan kom daar ’n weerligstraal van bo, wat die loop van gebeure vir ’n oomblik ontwrig. En as ons hierdie ontwrigtende ingrype nie kan verklaar nie, sê ons dit was die vinger van God!

“Maar Broers en Susters, dit is ’n fundamentele misverstaan van God. God is nie ’n towenaar nie. God is nie ’n mens wat by tye werk en by tye rus nie. Hy werk altyd. Die Psalmis skryf: ‘Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie.’ (Ps 121:4)

“Maar God werk vanuit ’n ander dimensie, wat bo tyd en ruimte uitstyg. Pannenberg het gesê: Wie oë het om te sien, kan elke dag die wonders van God sien. God werk in die bloedsomloop van my liggaam. Hy werk in die gebed van ’n kindjie, in die reën wat val, in die liefde tussen man en vrou en in die vooruitgang van die beskawing.

“Maar ons merk dit nie op nie, omdat ons oë net op onself gerig is. Omdat ons dink dat ons dit alles self, man-alleen, volbring het.

“En as daar nou en dan iets buite ons beheer gebeur, ’n katastrofiese aardbewing, of ’n oorstroming, dán sê ons dit was God. En sommige juig, omdat hulle dink dat God Homself ‘bewys’ het. Ander weer, bal hulle klein vuisies na die hemel, omdat God volgens hulle onredelik, ongenaakbaar en liefdeloos is.

“As iemand wonderbaarlik van ’n siekte herstel het, sê ons God het genees. Só asof geneeshere alleen genees. Óf ons noem dit ’n Godswonder as ’n gebroke huwelik herstel word. Ja, ons dink dat God ’n towenaar is.

“Maar hierdie ballingsprofeet sê vir ons dat God altyd werk. Dat dit God se werkswyse en manier van doen is om wonders te doen. Dat ’n wonder nie God se laaste kraginspanning is nie.

“Daarom kan ek Hom vertrou om altyd te werk, ook in my nood. Daarom is my onmoontlike by God moontlik, want my wonders is God se werkswyse. Hy werk wondermagtig. Hy is ’n wonderlike God. Sy werk is wonderbaar. Dit baar wonders.

“En juis omdat Hy ’n wonderlike God is en wonderbaarlik werk, daarom kon hierdie profeet sy onmoontlike boodskap oordra. Daarom kon hy in Babel praat oor die Líbanon, Karmel en Saron sonder om valse hoop aan te blaas. Daarom kon hy met oortuiging praat.

“En daarom kan ek ook glo dat my lewe saam met God ’n wonderlike lewe sal wees. Nie dat alles elke dag rosegeur en maanskyn is, sonder frustrasie en teleurstelling nie.

“’n Mens verloor soms jou uitsig op die moontlikhede van die onmoontlike. Maar die geloof bring jou telkens weer voor die feit van die

wonderlike Vader, by Wie die onmoontlike niks buitengewoon is nie, en by Wie wonders 'n werkswyse en geen uitdaging is nie.

“Geloof in God leer jou om die wonders raak te sien. Om jou hele bestaan as 'n wonder van God te sien, sodat die onmoontlike jou nie verskrik nie. Omdat alles moontlik is by God.

“Amen.”

Kommentaar:

Ons is op die vooraand van die groot verdrukking en ons het reeds 'n voorsmaak van daardie donker nag.

Baie Christene dink dat daar vir hulle in hierdie tyd geen hoop op aarde sal wees nie. Maar God beloof wat vir ons nou onmoontlik lyk. Volgens Bybelse profesië sal die eindtydse verdrukking net sewe jaar duur, waarna God self die magte van duisternis sal vernietig.

Tesame met die aanloop kan dit moontlik 'n periode van tien of vyftien jaar wees. Dit is 'n tydperk wat 'n mens kan oorleef. En daar is etlike profesië in die Bybel wat verklaar dat daar Christene sal wees wat die groot verdrukking sal oorleef.

Kan dit wees dat die HERE ons moontlik gaan gebruik om die Evangelie deur hierdie donker tyd te dra? Dat die chaos en anargie wat tans in Suid-Afrika die hoogty vier, ons sal verskans teen die genadelose vervolging wat Christene in die ontwikkelde wêreld gaan ondervind?

Skep moed. Dit gaan op God se bestemde tyd weer lig word. Die dagbreek is aan die kom. Dit word reeds lig op die horison.

En intussen is die wêreld en spesifiek die Westerse wêreld besig om, tot hul eie ondergang, siende blind en horende doof agter Satan aan te loop.